Om na God te luister ...

Piet Naudé

Die NG Kerk het 'n "seisoen van luister" betree. Dis deel van die breë onderneming om na die roepingsverklaring van die Algemene Sinode in 2002 te herbesin oor ons kerklike praktyk.

Dis vir baie binne en buite die NGK ook goed om hierdie kerk nederig te sien "luister" na God, die ekumene, die tydsgees, en ander buite die kerk. Luister is 'n durende deug en behoort deel van die alledaagse doen te wees. Hierdie seisoen moet 'n lewenshouding word.

Dis verhelderend om nie na "nuwe" dinge te soek nie, maar ons belydenis en tradisie hierin kreatief te ontgin. Vandaar die eenvoudige paar gedagtes geskoei op die lees van ons Gereformeerde erfenis.

Sola Gratia

Ons het geen natuurlike belangstelling in God nie. Ons is nie van uit onsself geneig om na God te luister nie. Inteendeel, dit ontbreek ons aan enige geregtigheid. Ons is doof vir God.

Daarom is "luister na God" nie 'n tegniese saak nie. Dit gaan nie oor meditasietegnieke of beter leesmetodes nie. Ons kan en wil nie na God luister nie.

Luister is genade. Dit begin by God wat Godself hoorbaar maak. Ons noem dit "openbaring". Die moontlikheid om te luister, bestaan net omdat God deur skepping, Christus en die Skrifte met ons praat.

Selfs dan is dit geen waarborg dat ons op aandag spring en "luister" nie. Nee selfs die wil om te luister kom van God wat die wedergeboorte in ons werk. Die wind waai waar hy wil. Ons hoor sy geluid, maar ons weet nie vanwaar en waarheen hy waai nie.

Dat jy vandag hier lees en êrens in die verlede vir God gehoor het, is niks om op te roem nie. Dis om voor 'n wonderwerk van Godself te buig.

'n Seisoen van luister is 'n genadetyd.

Solus Christus

Hoe maak God Godself "hoorbaar?"

Ons belydenis leer ons: God is in sy skeppingswerk helder sigbaar - mooi opgeskryf soos letters in 'n boek. Maar weens ons blindheid kan ons God nie volkome daarin sien nie.

Daarom het God deur die profete gepraat tot die

helderste woord in Jesus uitgespreek is. In die begin was die Woord… Hy het 'n mens geword en onder ons kom bly. Jesus is God se kreet van liefde na ons. Ons kan God buite Christus om nie hoor of sien of voel nie. "Wie My gesien het, het die Vader gesien."

'n Kerk wat wil luister na God kan nie anders as om Christus-gefokus te leef, te dink en te praat nie. Te veel ander agendapunte maak jou moeg en doof. Geen wonder Paulus besluit om niks anders te preek as Jesus, die Gekruisigde, nie.

'n Seisoen van luister is 'n Christus-tyd.

Sola fide

Hoe kry ons nou toegang tot hierdie Jesus wat lank gelede geleef het? Hoe kom daar 'n verbintenis tussen ons en Hom tot stand?

Deur die geloof alleen.

Geloof is volgens ons belydenis 'n seker kennis dat God deur Jesus met ons praat. En dis 'n aanvaarding dat hierdie Woord vir my is.

Geloof is nie 'n werk nie. Dis self 'n geskenk van God. God gee hierdie geskenk deur die prediking en getuienis wat mens oor Christus hoor. Geloof is leeg: dis net die "arms" waarmee ons na Jesus se uitgestrekte hande gryp. Geloof self red ons nie: dis net ons aanvaarding van Christus en in Hom lê ons redding.

'n Seisoen van luister is 'n geloofstyd.

Sola Scriptura

Wat is ons duidelikste toegang tot hierdie Christus? Waar sal ons oor Hom uitvind? Hoe praat God vandag nog?

Deur die Bybel.

Dis waarom dit God se Woord (met hoofletter) in mensetaal is. Waar die Bybel op losse skroewe gestel word deur geslote fundamentalisme of ingeperkte historisme tree Godsverduistering in. 'n Kerk met 'n toe Bybel is 'n dowe kerk.

Dit beteken dat 'n seisoen van luister 'n ernstige Bybel-tyd moet wees.

Die uitkoms van hierdie seisoen hang gelukkig nie van ons kreatiwiteit of beplanning alleen af nie. Dit lê in God se hande. En God belowe dat haar woorde nooit leeg na haar terugkeer nie, maar doen waarvoor hulle gestuur is.

God sal ons bring waar ons moet kom.

Hierdie Amerikaanse voorbeeld van die Lutherse simbool - ook genoem die Lutherse roos - gaan terug op 'n ontwerp wat deur Luther self gekonseptualiseer is. Dit druk die hart van sy eie geloof uit aan die hand van drie van die solas wat gerangskik is om die roos-sentrum solus Christus. Dit bly daarom ook een van die kragtigste uitdrukkings van sy teologie en word vandag nog wyd in die Lutherse kerk gebruik. Vergelyk bv by http://www.godsoloved.org.